KUBERKADETTE

Jou gids deur die Kuberruimte



# KUBERVEILIGHEID BEWUSTHEIDSGIDS

**DEEL VAN DIE STEL KUBERVEILIGHEID BEWUSTHEID HULPMIDDELS VIR LEERDERS**


British High Commission Pretoria

UNISA college of science, engineering and technology

**Vir verdere inligting, besoek:**
https://www.cybersecurityhub.gov.za/cyberawareness/
http://cyberaware.co.za

CYBERSECURITY HUB

# Inhoudsopgawe


## Voorwoord

BRITSE HOË KOMMISSIE 1
DEPARTEMENT VAN KOMMUNIKASIE & DIGITALE TEGNOLOGIE: CYBERSECURITY HUB 2
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA 3
INLEIDING 4

## Kuberveiligheid is die Antwoord 5

## Kuberveiligheid Tema 1: 'n Reis deur die Kuberruimte

Inleiding 6
Statistiek / Interessante Feite 6
Voordele van die Kuberruimte 7
Nadele van die Kuberruimte 7
Onderwerp 1.1: Digitale Voetspoor 8
Onderwerp 1.2: Kuber Risiko's en Bedreigings 8
Onderwerp 1.3: Aanlyn Privaatheid 8

## Kuberveiligheid Tema 2: Beskerming van Mense

Inleiding 9
Statistiek / Interessante Feite 9
Kwesbaarhede van Mense 10
Bedreigingsagente 10
Onderwerp 2.1: Kuberteistering en Kuberboelies 11
Onderwerp 2.2: Familie Veiligheid 11
Onderwerp 2.3: Kommunikasie, Respek en Etiek 11

## Kuberveiligheid Tema 3: Beveiliging van Toestelle

Inleiding 12
Statistiek / Interessante Feite 12
Voordele van Toestelle 13
Kwesbaarhede van Toestelle 13
Onderwerp 3.1: Tegnologiese Bedreigings 14
Onderwerp 3.2: Mobiele Toestelle 14
Onderwerp 3.3: Wanware Beskerming 14

## Kuberveiligheid Tema 4: Slim Applikasies

Inleiding 15
Statistiek / Interessante Feite 15
Voordele van Applikasies 16
Kwesbaarhede van Applikasies 16
Onderwerp 4.1: Sosiale Media 17
Onderwerp 4.2: Veilige Web Navigasie 17
Onderwerp 4.3: Rekenaarspeletjies 17

## Kuberveiligheid Tema 5: Nuttige Inligting

Inleiding 18
Statistiek / Interessante Feite 18
Voordele van Inligting 19
Kwesbaarhede van Inligting 19
Onderwerp 5.1: Aanstootlike en Onvanpaste Inhoud 20
Onderwerp 5.2: Kuber Bedrog 20
Onderwerp 5.3: Wagwoord Bestuur 20

## Kuberveiligheid Bewustheidsbelofte 21

## Kuberveiligheid Bewustheidswenke 22

# Voorwoord

## BRITSE HOË KOMMISSIE

British
High Commission
Pretoria



**Nigel Casey**

British
High Commissioner

Dit is met trots dat die Britse Regering hierdie inisiatief borg, wat daarop gemik is om kuberveiligheid bewusmaking onder leerders wat digitale platforms gebruik, te bevorder. Ons beplan verdere samewerking en konsultasie met die regering, privaatsektor, opvoedkundige instellings, vakkundiges en die burgerlike samelewing in Suid-Afrika, om die leiding te neem en hierop voort te bou, met die implimentasie van nog vele meer kuberinisiatiewe.

Die Stel Kuberveiligheid Bewusmaking Hulpmiddels is ontwikkel om kuberveiligheid en bewusmakingsonderrig vir leerders te bied, en om onderwysers toe te rus om 'n kuberveiligheidingesteldheid en kultuur te bevorder. Ons beoog veral om agterblewende gemeenskappe en skole te ondersteun wat nie huidiglik die fasiliteite het om kuberveiligheidsonderrig aan te bied nie.

Hierdie interaktiewe stel hulpmiddels is ontwikkel in samewerking met die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) en die Departement van Kommunikasie en Digitale Tegnologie (DCDT). Met hierdie vennootskap en die bydraes wat gemaak is, sal die noodsaaklikheid van digitale inklusiwiteit en digitale transformasie gekataliseer word en op die voorgrond geplaas word.

Die Britse Hoë Kommissie wil UNISA, die DCDT en die Kuberveiligheidspilpunt (CyberSecurity Hub) bedank vir hulle onwrikbare ondersteuning tydens hierdie proses.

# Voorwoord

## DEPARTEMENT VAN KOMMUNIKASIE & DIGITALE TEGNOLOGIE: CYBERSECURITY HUB



**Pinky Kekana**

Adjunk-Minister: Departement van Kommunikasie & Digitale Tegnologie

Die wêreld van tegnologie het ons al so baie gebied, maar nie soveel soos nou in die era van die globale pandemie waarin ons tans lewe nie. Dit het toegelaat dat ekonomieë ietwat aktief kon bly omdat mense nogsteeds van die huis af kan werk, spanvergaderings kan hou, bemarking aanbiedings kan doen, e-handel kan bedryf, aanlyn inkopies en aflewerings kan bestel, ensomeer. Dit het toegelaat dat kinders wat toegang tot die Internet het, regoor die wêreld nog skool kan bywoon, deur middel van aanlyn klaskamers. Vervaardiging van broodnodige persoonlike beskermingstoerusting is moontlik, deur middel van tegnologie soos 3D-drukwerk. Die afhanklikheid van digitale tegnologie het die norm geword vir die meeste mense regoor die wêreld en so ook in Suid-Afrika.

Dus, terwyl innovasie en ontluikende tegnologieë ons bekendgestel het aan 'n wêreld van toeganklikheid, gerief en selfs groter verskeidenheid, maak dit ons ongelukkig ook oop vir die risiko om deur internasionale en huishoudelike kubermisdadigers geteiken te word. Kubermisdadigers het sindikate en winsgewende besighede geskep om private individue en besighede beide groot en klein, vir 'n verskeidenheid kubermisdade te teiken.

Dit skep 'n 'digitale paradoks', wat beteken dat terwyl regerings en organisasies meer dienste kan bied en vinniger as ooit tevore, kubermisdaad ook 'n kragtige speler geword het- wat die mensdom se potensiaal vir positiewe innovasie en groei ten op sigte van tegnologiese vooruitgang- beperk. Daar is 'n toenemende aantal aanvalle teen Nasionale infrastruktuur, grootskaalse aanvalle teen organisasies en data-oortredings van persoonlike inligting.

Teen die agtergrond van die Nasionale Kuberstelsel Beleidsraamwerk (NCPF), het die Departement 'n Kuberspilpunt in Oktober 2015 gestig, wat 'n platform skep vir Suid-Afrikaners om kubervoorvalle te rapporteer en slagoffers van kubermisdaad te help. 'n Deel van die Hub se mandaat is om 'n nasionale Kuberveiligheid Bewustheidsprogram te implementeer, om die publiek van die dreigemente en kwesbaarhede van die kuberruimte bewus te maak, terwyl hulle voordeel trek uit die inligtingsera.

Kuberveiligheid bewustheid is 'n kwessie van gedragsverandering en is 'n kulturele uitdaging. As 'n nasionale noodsaaklikheid, vereis dit 'n gekoördineerde en holistiese benadering, aangesien kuberbewusmakingsinisiatiewe alle inwoners van 'n land moet bereik. In hierdie konteks moet die rol van die privaatsektor en akademie nooit onderskat word nie. Om hierdie holistiese benadering en geoptimaliseerde blootstelling te verseker, is die Cyberhub of Kuberspilpunt as 'n sentrale punt gestig, vir die vennootskap tussen die industrie, die regering en die akademie.

Hierdie etos is die basis van 'n nuwe samewerking deur die Departement van Kommunikasie en Digitale Tegnologie (deur die Kuberspilpunt), met die Britse Hoë Kommissie, via die Buitelandse- en Statebondkantoor (FCO), en die Universiteit van Suid-Afrika – om 'n reeks kuberveiligheid bewusmaking hulpmiddels te ontwikkel wat studente, opvoeders en ouers teiken.

Ons is geweldig opgewonde oor hierdie inisiatief, aangesien ons glo dat dit die leiding en praktiese kennis vir skoolleerders sal bied, wat besig is om kennis te maak met maniere om met die digitale wêreld rondom hulle te kommunikeer. Skoolleerders is ons grootste bekommernis, as gevolg van hulle toenemende interaksie in die kuberruimte, gepaard met hulle beperkte kennis van die kuberwêreld. Hulle is oor die algemeen onbewus van die risiko's en verantwoordelikhede van digitale burgerskap en dit maak van hulle 'n maklike teiken. Ons is dus verantwoordelik vir hulle bewusmaking en leiding in verband met die risiko's en bedreigings wat hulle in die gesig staar.

Die span het 'n dinamiese en veelsydige program geskep wat ek glo deur studente, onderwysers, ouers en versorgers verwelkom sal word, aangesien dit hulle in die middel van hierdie kuberveiligheid bewusmakingsprogram plaas.

# Voorwoord

## UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

UNISA | college of science, engineering and technology



**Professor Elmarie Kritzinger**

Universiteit van Suid-Afrika

Inligting Kommunikasie Tegnologie (IKT) is die verandering van ons wêreld deur ‘n vinnige en konstante proses, deur die ontwikkeling en verskaffing van Inligting Kommunikasie Tegnologie en verwante toestelle aan gebruikers regoor die wêreld. Baie aspekte van ons lewens is reeds geïntegreer met IKT en IKT toestelle soos selfone, skootrekenaars en tablette. Tegnologie en IKT-toestelle word kleiner, stewiger en met groter tegnologiese vermoëns. Tegnologie is nie meer ‘n luukse nie, maar eerder ‘n noodsaaklikheid vir baie gebruikers.

Ons gebruik IKT en IKT-toestelle om in die Kuberruimte in te skakel vir kommunikasie, sosialisering en die insameling van inligting. Die kuberruimte is ‘n wêreldwye netwerk wat kubergebruikers van regoor die wêreld verbind, deur ‘n vinnige en groot verskeidenheid netwerke. Kubergebruikers wissel in ouderdom, godsdiens, taal en geografiese ligging. Meer en meer IKT-toestelle is gekoppel aan die kuberruim om een wêreldwye netwerk van IKT-netwerke, toestelle en kubergebruikers te vorm.

Kubergebruikers word digitale burgers in ‘n kuberwêreld met verskillende reëls, etiese oorwegings en selfs digitale geldeenhede. Elke kubergebruiker skep ‘n digitale voetspoor (byvoorbeeld, foto’s, SMS-boodskappe en ‘n soekgeskiedenis) in die kuberruim wat nie verander of verwyder kan word nie. Dit is dus krities dat alle kubergebruikers die impak en gevolge van hul optrede in die kuberruimte verstaan.

Die voordele van die kuberruim is onbeperk en sluit van die mediese sektor tot die onderwyssektor in. IKT het kubergebruikers voorsien van geleenthede om onmiddellik met ander kubergebruikers regoor die wêreld te kommunikeer, aanlyn bankdienste te doen, afstandwerk te doen en selfs aanlynprodukte te koop.

Ander lewensveranderende tegnologie sluit selfry motors, 3D drukwerk en aanlynonderwys in. Tegnologie het die manier waarop ons dink, leef en reageer teenoor ons medemens en ons fisiese wêreld, verander.

Hoewel IKT en ons verbintenis met die kuberruimte geweldige voordele inhou, het dit ook heelwat nadele. Kuberrisiko’s en bedreigings kan lei tot kubermisdaad (byvoorbeeld diefstal, kuberafknouery en finansiële bedrog) en kubergebruikers kan uitgebuit word en slagoffers van hierdie kuberaanvalle word.

Alle kubergebruikers (veral kinders en adolessente) moet bewus gemaak word van kuberveiligheid en die impak wat die kuberruimte op hul optrede, gesondheid en emosionele welstand kan hê. Dit is noodsaaklik om te verstaan dat alle kuberaksies gevolge het wat tot die voordeel of die nadeel van die kubergebruiker kan wees.

Die kuberruimte word nie as goed of sleg gedefinieer nie, maar word gedefinieer deur die optrede van kubergebruikers. Dit is baie belangrik dat alle kubergebruikers bewus gemaak word van hoe om eties op te tree in die kuberruim, asook hoe om hulself en hul inligting te beskerm teen ander kubergebruikers wat oneties is en immorele gedrag toon.

Die Kuberveiligheid Bewustheid Gemeenskapsbetrokkenheid projek aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) beoog om kubergebruikers (gemeenskappe, skoolleerders, onderwysers en ouers) te help en te ondersteun met die nodige kuberveiligheid bewustheid inligting, om hul kuberveiligheidskennis en-vaardighede te verbeter, vir hulle eie beskerming in die kuberruimte.

Die doel is om alle kubergebruikers te beveilig.
www.cyberaware.co.za

## 'n Inleiding tot hierdie Gids

Inligting kommunikasie tegnologie (IKT) het 'n integrale deel van ons daaglikse lewens geword. Ons gebruik IKT-toestelle vir onderwys, inligtingsinsameling en werkverwante aktiwiteite. IKT-toestelle word meer toeganklik vir alle gebruikers as gevolg van verhoogde beskikbaarheid en afname in koste. Die meeste van hierdie toestelle het aanlynkonnektiwiteit, wat die gebruiker toelaat om toegang tot die kuberruimte te verkry.

**Welkom by die Kuberveiligheid Bewustheidsgids. Hierdie gids is gemik op algemene kubergebruikers.**

- Hierdie gids se **doelwit** is om bewustheid vir alle kubergebruikers te skep oor hoe om kuberveilig te wees.
- **Die belangrikste doelstelling** van die gids is om algemene kubergebruikers se kennis en begrip te verbeter oor **hoe om hulleself teen kubermisdaad te beskerm.**

**Ontmoet $C^2$, die Kuberkadette** op 'n missie om jou te wys hoe om kuberveilig te wees. Elke kadet verteenwoordig 'n belangrike kubertema waarvan jy bewus moet wees en wat ons gaan behandel.

- Vir Tema 1 ('n Reis deur die Kuberruimte) is ons kuberkadet **General Flame**. Die leier van $C^2$-sy het haar sig in 'n geveg verloor, maar sy het ongelooflike insig gekry deur gebruik te maak van die databanke in die kuberruimte.
- Vir Tema 2 (Beskerming van Mense) is ons kuberkadet **Professor Guardian**. Sy het 'n hart van goud. Alhoewel sy baie empatie vir mense het, het sy 'n tawwe houding teenoor misdadigers en boelies wat op onskuldige mense toeslaan.
- Vir Tema 3 (Beveiliging van Toestelle) is ons kuberkadet **Techno**. Hy is 'n kenner op alle digitale gebiede en hy verstaan die onderliggende tegnologie van enige toestel.
- Vir Tema 4 (Slim Applikasies) is ons kuberkadet **The Applicator.** Hy gebruik sy groot invloed op rekenaarspeletjies en sosiale media platforms, om mense te verenig om positiewe sake te ondersteun.
- Vir Tema 5 (Nuttige Inligting) is ons kuberkadet **Crypto**. Sy soek sensitiewe inligting en blokkeer dit voordat kriminele dit in die hande kan kry.




**Die gids is deel van 'n stel kuberveiligheid bewustheid hulpmiddels wat ontwerp is om mense oor kuberveiligheid op verskillende en opwindende maniere op te lei. Jy sal toegang hê tot al die komponente vir jou persoonlike gebruik om kuberveiligheid te verseker.**

Aanlyn platform | Werkboeke | Soektabelle | Videos | Muurkaarte | Spotpente | Speletjies

**Vir verdere inligting, besoek:**
https://www.cybersecurityhub.gov.za/cyberawareness/
http://cyberaware.co.za

# Kuberveiligheid is die Antwoord

## ‘n Inleiding tot die Kuberruimte

Die kuberruimte is die elektroniese wêreld van rekenaarnetwerke en databanke, veral die Internet. Dit staan ook bekend as die digitale wêreld, die wêreld wat jy gebruik wanneer jy jou selfoon, rekenaar en enige ander toestel gebruik om in die Kuberruimte in te teken.

Soos ons ons toestelle gebruik om te sosialiseer, leer, speel en soveel meer, moet ons bewus wees van al die gevare in die kuberruimte. om onsself en ons toestelle te beskerm. Jy het die reg om deel te wees van hierdie ontsagwekkende kuberwêreld, sonder om te hoef bekommer oor al die risiko's (wanneer jy blootgestel word aan gevaar) en bedreigings (wanneer jy bedreig word)!

In hierdie gids sal jy die belangrikste maniere leer om kuberveilig te wees, omdat kuberveiligheid die sleutel tot beskerming is, vir onsself en al die mense vir wie ons omgee.

**Hier is ‘n paar voordele van Kuberveiligheid**

Deur bewus te wees van die gevare, sal dit jou keer om op "gratis inhoud" te kliek, wat jou eintlik net probeer lok om virusse, wanware en losprysware oop te maak.

Wees saam veilig. Deur jouself te beskerm teen die gevare en kriminele in die kuberruimte, maak jy ook seker dat jy jou familie, vriende en gemeenskap beskerm. Dit maak dat jy op die uitkyk sal wees vir seksuele misdadigers, kuberboelies en ander misdadigers, asook die maniere en instrumente wat hulle gebruik.

As jy voorbereid is op al die gevare, sal jy jou toestelle kan beskerm teen virusse. ‘n Antivirus pakket is steeds die beste manier om al jou rekenaars, toestelle en selfone te beskerm.

**Sommige van die risiko's en bedreigings en wat dit beteken:**

**Bedreigingsagente –** ‘n Persoon of groep wat die kuberruimte gebruik om jou seer te maak, van jou te steel of om jou te bedreig, soos:

- **Seksuale Misdadigers –** wat die internet gebruik om kinders en jongmense te lok.
- **Kubermisdadigers –** wat skadelike sagteware soos virusse, wanware en losprysware op jou toestelle wil sit om dit te beskadig of om jou af te pers.
- **Kuber kulkunstenaars –** wat geld of inligting van jou wil steel om te gebruik vir bedrog of om te verkoop.
- **Kuberboelies –** wat jou boelie deur die gebruik van elektroniese boodskappe via epos, webwerwe, sosiale media of blogs.
- **Krakers –** ‘n Persoon of groep wat vaardig is in die gebruik van rekenaar sagteware en onwettig toegang probeer kry tot jou private rekenaarstelsels.
- **Onbewuste Individu –** ‘n Persoon wat onbewus is van die feit dat hulle optrede sal lei tot die ondersteuning van ‘n kuberaanval.

**Die gids sal jou help verstaan hoekom kuberveiligheid so belangrik is. Hoe om die gids te gebruik:**

- Ons sal die **5 temas** bespreek wat jou sal help om kuberveilig te bly terwyl jy die digitale wêreld geniet.
- Elke tema sal eers bekendgestel word en daarna sal die **3 onderwerpe** wat in elke tema ingesluit is, bespreek word.
- **Jou gunsteling kuberkadette** sal byderhand wees met kuberveiligheid bewustheidswenke.
- Moenie bekommerd wees as jy nie al die **terminologie** verstaan nie – ons het seker gemaak dat daar prettige verduidelikings is van die kuberruimte taal.

## Temas en Onderwerpe


| Temas en Onderwerpe |
|---|
| **Tema 1: ‘n Reis deur die Kuberruimte** |
| Onderwerp 1.1 – Digitale Voetspoor |
| Onderwerp 1.2 – Kuber Risiko’s en Bedreigings |
| Onderwerp 1.3 – Aanlyn Privaatheid |
| **Tema 2: Beskerming van Mense** |
| Onderwerp 2.1 – Kuberteistering en Kuberboelies |
| Onderwerp 2.2 – Familie Veiligheid |
| Onderwerp 2.3 – Kommunikasie, Respek en Etiek |
| **Tema 3: Beveiliging van Toestelle** |
| Onderwerp 3.1 – Tegnologiese Bedreigings |
| Onderwerp 3.2 – Mobiele Toestelle |
| Onderwerp 3.3 – Wanware Beskerming |
| **Tema 4: Slim Applikasies** |
| Onderwerp 4.1 - Sosiale Media |
| Onderwerp 4.2 - Veilige Web Navigasie |
| Onderwerp 4.3 – Rekenaarspeletjies |
| **Tema 5: Nuttige Inligting** |
| Onderwerp 5.1 – Aanstootlike en Onvaspaste Inhoud |
| Onderwerp 5.2 – Kuber Bedrog |
| Onderwerp 5.3 – Wagwoord Bestuur |



# Tema 1: ‘n Reis deur die Kuberruimte

Dit is belangrik dat jy jou afdruk op die kuberruimte verstaan.

**Ons kuberkadet vir Tema 1 is *GENERAL FLAME* met die insig om die uitgebreide databanke in die kuberruimte in te span.**

## Inleiding

**Welkom by kuberveiligheid tema een: ‘n Reis deur die Kuberruimte.**

Wanneer ons verwys na jou digitale afdruk, verwys ons na jou digitale voetspoor. Jou digitale voetspoor is soortgelyk aan die voetspoor wat jy agterlaat in sand of op ‘n nat oppervlak, net in hierdie geval, in die kuberruimte. Jou digitale voetspoor bestaan uit al die aktiwiteite, aksies en kommunikasie wat jy aanlyn doen, waarvan elkeen opspoorbaar en sigbaar is, aangesien hierdie aktiwiteite aanlyn vertoon word. Jou digitale voetspoor kan nie uitgevee word nie en is vir altyd sigbaar in die kuberruimte.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ‘n Reis deur die Kuberruimte - Onderwerpe: | Onderwerp | 1.1 | Digitale Voetspoor |
| | Onderwerp | 1.2 | Kuber Risiko’s en Bedreigings |
| | Onderwerp | 1.3 | Aanlyn Privaatheid |

## Statistieke/Interessante Feite

**Dit is belangrik om kennis te neem van feite oor die digitale wêreld wat ons elke dag gebruik:**

### HET JY GEWEET?

- Tim Berners-Lee het die Wêreldwye Web ontwikkel in 1989.
- Die Wêreldwye Web is so groot dat dit onmoontlik is om die grootte daarvan te meet!
- Daar word elke minuut 20,8 miljoen Whatsapp-boodskappe regoor die wêreld gestuur en 220,000 tweets op Twitter.
- Die gebruik van sosiale media het byna verdubbel gedurende Covid-19.



- 50% van alle leerders het al een of ander vorm van kuberafkouery ervaar.
- 1 miljard mense in Afrika sal in 2022 toegang tot die Internet hê.
- Daar is ongeveer 13,842 pogings tot kuberaanvalle in Suid-Afrika per dag.
- 73% Suid-Afrikaners was alreeds slagoffers van kubermisdaad.

## Kuberveiligheid Bewustheidswenke

**Handhaaf ‘n verantwoordelike digitale voetspoor -**
Weet dat die inhoud en boodskappe wat jy skep en deel, vir altyd in die kuberruimte sal wees.

**Wees bewus van die bedreigings en risiko’s -**
Jy het die reg om veilig te wees tydens aanlynaktiwitiete, maar jy is ook verantwoordelik om jouself goed en eties te gedra.

**Wees versigtig om persoonlike inligting te deel -**
Jou inligting mag dalk deur misdadigers gesteel word vir eie gebruik en bedrog of om aan bemarkers te verkoop.



## Voordele en Nadele van die Kuberruimte

**Ons het soveel inligting en tegnologie byderhand.**
**Ons lewe regtig in 'n fisiese EN digitale wêreld!**

Die Internet en die digitale wêreld kan sowel fantasties as gevaarlik wees. Dus het ons kuberveiligheid net so belangrik geword soos ons fisiese veiligheid. Moet nooit dink dat kubermisdadigers net rondspeel of nie slim is nie – hulle is hoogs georganiseerd en intelligent en baie vaardig. Hulle enigste doel is om jou op enige manier moontlik te benadeel!

Hier is n paar fantastiese en gevaarlike feite oor die gebruik van die Internet en jou digitale voetspoor:

**Jy Kan...**

### Voordele

- Aktief wees op die Internet en enigiets navors met net die druk van 'n knoppie!
- Maklik kontak maak met jou vriende en nuwe vriende maak deur hulle digitale voetspore.
- Soveel leer oor enigiemand; al wat jy hoef te doen is om dit aanlyn te soek.

**Sodra jy dit sê sal die web dit hê!**

## Maar



**Kuberboelies - Moenie ignoreer, Rapporteer!**

### Nadele

- Maklike teikens word vir kubermisdadigers.
- Deur die proses 'n digitale voetspoor agterlaat wat altyd sigbaar in die kuberruimte sal wees.
- Deur jou inligting in die kuberruimte blootgestel word om jou 'n teiken vir kubermisdadigers te maak.

**Begin nou om jou digitale voetspoor skoon te hou.**

**Besluit - jou persoonlike inligting is uit!**

**Pas jou voetspoor op! Jou reputasie maak staat daarop.**

**As jy aktief in die kuberruimte is, word jy 'n KUBERBURGER genoem, want jy is deel van die kubergemeenskap.**

**Die kubergemeenskap** is die aanlyn gemeenskap van kubergebruikers. As jy aan 'n gemeenskap behoort, beteken dit dat jy aan 'n groep mense behoort met wie jy jou lewe deel. Dit kan 'n fisiese gemeenskap wees, soos 'n kerk, skool of die gebied waarin jy woon, of in hierdie geval is jy deel van die groep mense wat die kuberruim gebruik.



# Tema 1: 'n Reis deur die Kuberruimte

## 1.1 Digitale Voetspoor

**Het jy geweet? Elke keer as jy in die kuberruimte aktief is, laat jy 'n dataspoor of afdruk van jou aktiwiteite na.**

**Hierdie spoor oor jouself en wie jy is, noem ons jou**




| **Om dit eenvoudig te stel, dit is alles op die Internet oor jou, insluitend:** |
|---|
| • Profiele op Sosiale Media. |
| • Prente / foto's van jou. |
| • Enige inligting wat deur jou op blogs of webwerwe geplaas word. |

- 'n Digitale voetspoor is baie handig. Dit is die rede hoekom jy kontak kan maak met jou vriende op die Internet, sowel as om nuwe vriende in die kuberruimte te ontmoet.
- Jy kan baie inligting op die internet kry, met die druk van een knoppie!
- Die spore wat jy agterlaat, is altyd sigbaar in die kuberruimte, wat beteken dat jy 'n teiken kan word vir kubermisdadigers.

Dit is baie belangrik om bewus te wees van jou digitale voetspoor, want as jy dit nie skoon hou nie, kan vreemdelinge jou leer ken sonder dat jy hulle ooit ontmoet het. Maak seker dat die inligting wat jy op die internet plaas, nie teen jou gebruik kan word nie.

## 1.2 Kuber Risiko's en Bedreigings

Die meeste mense wat die kuberruimte gebruik is nie bewus van al die risiko's en bedreigings wat hulle teikens kan maak vir kubermisdadigers nie.




- **'n Risiko** is wannneer iemand of iets aan gevaar blootgestel word – as jy in die kuberruimte is, loop jy die risiko om 'n slagoffer van misdaad te word. Ons kan egter nie ophou leef en bang wees om in gevaar vas te loop nie. Deur die risiko's te ken en deur onsself te beskerm, kan ons ons eie veiligheid in die kuberruimte handhaaf.
- Byvoorbeeld: "gratis inhoud" of "gratis aanbiedings" is gewoonlik net 'n lokval om 'n virus of wanware op jou toestel te installeer.

**'n Bedreiging** is wannneer daar 'n kans is dat jy op verskillende maniere benadeel kan word. Dit is gewoonlik met die doel om jou seer te maak en is nie per toeval nie. Weereens is jy in beheer. Jy kan jouself in 'n gevaarlike situasie plaas, deur waarskuwings en veiligheidsreëls te ignoreer, of jy kan kies om kuber-slim te word.


- 'n Goeie voorbeeld van 'n bedreiging is wanneer jou privaatheidstelling op "publiek" gestel is vir almal om te sien. Dit is die perfekte geleentheid vir kubermisdadigers om jou persoonlike inligting te steel of om jou 'n teiken vir seksuele misdadigers te maak.

## 1.3 Aanlyn Privaatheid

Sal jy 'n vreemdeling vertel van al jou drome en geheime en vir hulle jou persoonlike inligting gee soos jou adres of ID nommer? Natuurlik nie! So waarom sou jy dit aanlyn wil doen? In die kuberruimte is om te deel NIE 'n goeie idee nie!

As jou persoonlike inligting in die kuberruimte is, sal jy natuurlik 'n perfekte teiken vir kubermisdaad wees.

**Beskerm jouself met jou eie "sekuriteitsleutel" (soos 'n goeie wagwoord) wat so ingewikkeld is, dat slegs jy beheer oor jou veiligheid het.**



# Tema 2: Beskerming van Mense



As jy die kuberruimte gebruik om te kommunikeer, kan jy jouself blootstel aan baie nuwe kwesbaarhede en bedreigings vanaf kubermisdadigers, seksuele jagters en kuberboelies.

**Ons kuberkadet vir tema 2 is *PROFESSOR GUARDIAN* wat streng optree teenoor misdadigers en boelies wat onskuldige mense afknou en misbruik.**

## Inleiding

**Welkom by kuberveiligheid tema twee: Beskerming van Mense. Kommunikasie is die antwoord.** Hierdie tema gee 'n oorsig van kuberteistering, hoe belangrik dit is om jou familie veilig te hou wanneer jy die kuberruimte gebruik en hoe om op te tree terwyl jy aanlyn is deur die riglyne van kommunikasie, respek en etiek te volg.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2. | Beskerming van mense - Onderwerpe: | Onderwerp | 2.1 | Kuberteistering en Kuberboelies |
| | | Onderwerp | 2.2 | Familie Veiligheid |
| | | Onderwerp | 2.3 | Kommunikasie, Respek en Etiek |

## Statistieke/Interessante Feite

**Dit is belangrik om die feite van kuberteistering te ken:**

### *HET JY GEWEET?*

- Daar is 'n wet in Suid-Afrika genaamd die "Wet op Beskerming teen Teistering van Suid-Afrika".
- Meer as 60% van leerders in Suid-Afrika wat genader is, stem saam dat kuberteistering erger as fisieke afknouery is.
- 78% ouers glo dat tegnologie 'n positiewe leerinstrument is.



- Meer as 3,2 miljoen leerders word jaarliks in Suid-Afrika geboelie.
- Selfs leerders wat tegnies baie vaardig is en baie kennis het, is nogsteeds onseker is oor hoe om veilig op te tree in die kuberruim.
- Kuberteistering is een van die grootste oorsake van depressie en selfdood onder leerders.

## Kuberveiligheid Bewustheidswenke

**Rapporteer kuberteistering-**
As jy 'n slagoffer van kuberteistering is, hou die bewyse van die teistering. Onthou dat jy beskerm word deur die 2011 "Wet op Beskerming teen Teistering van Suid-Afrika". Vertel 'n betroubare volwassene- Moenie ignoreer, rapporteer!

**Wees bewus van sowel fisieke as kuberbedreigings-**
Deur te weet van al die gevare en bedreigings, kan jy jouself en jou gesin beveilig.

**Toon respek vir jouself en ander mense-**
Omdat jy die reg het om die kuberruimte te gebruik, beteken nie dat jy die reg het om onvanpas op te tree nie.



# Tema 2: Beskerming van Mense

## Kwesbaarhede van Mense en Bedreigingsagente

**Kwesbaarheid beteken dat jy die risiko loop om beseer te word. Deur 'n digitale voetspoor te hê, is jy sigbaar in die kuberruimte en kan jy maklik kwesbaar raak of 'n teiken word vir bedreigingsagente.**

**In die inleiding van die gids het ons gekyk hoekom dit belangrik is om veilig te wees in die kuberruimte en ons het van die bedreigingsagente in die kuberruimte verduidelik.**

- **Bedreigingsagente** is ‘n persoon of ‘n groep wat die kuberruimte gebruik om jou seer te maak of om jou te beroof.
- **Deur kuberveilig te wees,** is jy beskerm teen ‘n verskeidenheid bedreigingsagente soos seksuele misdadigers, boelies, kriminele en die verskillende maniere en tegnieke wat hulle gebruik. Deur goeie aanlyngewoontes te handhaaf, bevoordeel almal by die huis, skool, werk en regoor die wêreld.




- **Teistering** is wanneer ‘n persoon of ‘n groep iemand teiken om die persoon seer te maak en te boelie. Dit word doelbewus gedoen en boelies gebruik verskeie maniere en instrumente om hul slagoffers te teiken.
- As die teistering in die kuberruimte plaasvind, word dit kuberteistering genoem.

**Moenie bang wees om te praat as jy geboelie word nie!**

Deur nie met jou ouers of versorgers te praat en te kommunikeer oor iets wat jou pla nie, staan jy gevaar om alleen, bang en 'n maklike teiken vir kuberboelies te wees. Hier is 'n paar redes waarom goeie kommunikasie belangrik is:



**1**

**As jy nie kuberteistering aanmeld nie, is daar 'n groter kans dat dit voortdurend sal gebeur, met geen einde in sig nie.**

**2**

**As jy jou versorger of ouers vertel, kan hulle ondersoek instel om seker te maak dat die kuberboelie gestraf word.**

**3**

**Jou versorger of ouers kan kontak maak met die regte owerhede en kanale wat nodig is om die kuberboelies aan te meld.**

**4**

**Dit is jou plig om iets te sê, nie net om die misdaad te stop nie, maar ook om seker te maak dat ander jongmense nie ook slagoffers word nie!**

**Seksuele misdadigers kan moeiliker wees om in die kuberruim te sien as in die werklike lewe. Miskien dink jy dat dit iemand van jou ouderdom is wat jou graag wil leer ken, want hulle is op dieselfde sosiale webwerwe as jy en lyk asof hulle ook dieselfde belangstellings as jy het.**

**Wees bedag en bly waaksaam deur:**

- Nie met mense te praat wat jy nie in die regte lewe ken nie en moet nooit instem om hulle iewers te ontmoet nie.
- Versigtig te wees vir wie jy toelating gee om jou op Instagram te volg – om gewild te wees op Instagram, is 'n bietjie soos om ryk te wees in “Monopoly”!
- Blokkeer enigiemand wat jou in die geringste mate ongemaklik laat voel in die kuberruimte.
- Vertel altyd 'n verantwoordelike volwassene as jy bekommerd is oor 'n persoon wat ongewone boodskappe of versoeke stuur.

# Tema 2: Beskerming van Mense

## 2.1 Kuberteisteraars en Kuberboelies

**Weet jy watter soort gedrag word as kuberteistering beskou? Soms weet jy nie eers dat dit wat jy doen, as teistering beskou kan word nie! Teistering kan die volgende wees:**

- **Om iemand te boelie wat kleiner en meer kwesbaar as jy is.**
- **Aanhoudende uittarting om iemand skaam te maak.**
- **Deur op sosiale media poetse te bak, te koggel of leuens oor iemand te versprei.**
- **Deur vriende of medeleerders te intimideer om op te hou om vriende met iemand te wees, of om iemand heeltemal te ignoreer.**
- **Deur kwetsende of dreigende boodskappe te stuur of om vals inligting of nuus oor 'n persoon en selfs hul gesinne te versprei.**
- **Om iemand te spot oor hulle fisieke swakhede of hulle voorkoms.**
- **Iemand slegte name te noem om hulle reputasie te vernietig.**
- **Om iemand te dwing om iets onwettigs of gevaarliks te doen.**



**Kuberboelies: doen skade deur elektroniese tegnieke via epos, webwerwe, sosiale netwerke en blogs.**

## 2.2 Familie Veiligheid

Jou **digitale voetspoor** kan nie net jou kwesbaar maak vir misdadigers nie, maar ook jou gesin as jy nie bewus is van die bedreigings nie, soos:

- **Kubermisdadigers of Kuberbedrieërs:** Hierdie individue voer onwettige aktiwiteite uit en pleeg bedrog in die kuberruimte.
- **Seksuele Misdadigers:** 'n Seksuele Misdadiger of jagter is 'n individu wat seksuele wandade pleeg teen minderjarige leerders wat op die internet begin of plaasvind.
- **Krakers:** 'n Persoon of 'n groep wat baie goed is met die gebruik van rekenaarstelsels om toegang tot enige privaat rekenaarstelsel te verkry.




**Moenie 'n onbewuste individu** wees nie: Iemand wat nie bewus is dat hulle aksies misdadigers mag help om 'n kuberaanval te loods of te ondersteun nie. Soos wanneer jou maats vir jou 'n skakel stuur want hulle dink dit is 'n webwerf vol gratis aanbiedings, en dit is eintlik 'n slegte virus!

## 2.3 Kommunikasie, Respek en Etiek

As jy jouself beskerm teen al die risiko's en bedreigings in die kuberruimte, handhaaf jy 'n verantwoordelike digitale voetspoor. Dit is ook belangrik om respek te toon teenoor jou mede kuberburgers. Hier is 'n paar maniere om goeie aanlyn etiket te handhaaf:

**Respek** is om bewus te wees van jou eie en iemand anders se oortuigings, gevoelens en behoeftes en om te toon dat jy hierdie oortuigings en goeie eienskappe van 'n persoon aanvaar, waardeer of in gedagte hou.

**Etiek** is 'n stel waardes of morele beginsels waarvolgens jy leef en hoe jy jouself gedra, om die beste persoon te wees wat jy kan wees.




**DINK**

**Voor jy pos of deel:**

- **D** Is die **D**ata korrek
- **I** Is dit **I**nspirerend
- **N** Is dit **N**uuswaardig
- **K** Is dit **K**eurig

# Tema 3: Beveiliging van Toestelle



Jou toestelle moet ook veilig bewaar word. Beskerm dit teen diefstal en kwesbaarhede.

**Ons kuberkadet vir tema 3 is *TECHNO* met die vermoë om die onderliggende tegnologie van enige toestel te verstaan.**

## Inleiding

**Welkom by tema drie van kuberveiligheid: Beveiliging van Toestelle.** Ons leef waarlik in 'n wêreld waar nuwe tegnologie die wêreldmark byna daagliks tref! Behalwe vir selfone, skootrekenaars, tafelrekenaars en tablette, het ons nou toegang tot 3D-drukkers, speletjie konsole, opsporingstoestelle en 'n reeks robottoestelle. Dit is soveel makliker om toegang tot inligting te verkry en te kommunikeer en dit is onmiddellike terugvoering. Ons gaan kyk na die invloed wat tegnologie op ons lewens het, en waarom dit so belangrik is om ons toestelle te beveilig.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **3.** | **Beveiliging van Toestelle - Onderwerp:** | **Onderwerp** | **3.1** | **Tegnologiese Bedreigings** |
| | | **Onderwerp** | **3.2** | **Mobiele Toestelle** |
| | | **Onderwerp** | **3.3** | **Wanware beskerming** |

## Statistieke / Interessante Feite

**Dit is belangrik om van die feite oor toestelle te weet:**

***HET JY GEWEET?***

- Daar is elke 39 sekondes 'n krakeraanval.
- Daar is 5,16 miljard unieke selfoongebruikers in die wêreld.
- Meer as 25% van die Internetaanvalle behels wanware of kwaadwillige sagteware.
- Selfone is so 'n groot deel van ons lewens dat daar nou 'n fobie met die naam 'Nomofobie' is, wat die vrees is om sonder jou selfoon (of 'n sein) te wees.
- Die eerste selfoon is in 1974 deur Martin Cooper vervaardig en dit het 1 kg geweeg.



- Suid-Afrika het die eerste selfoon in 1994 ontvang.
- Die woord 'selfoon' kom van die manier waarop die toestel werk, af. Torings bedien gebiede met 'n sein wat in selle verdeel word.
- Die gemiddelde persoon sit hul selfone 110 keer per dag aan.
- Daar is meer selfone in Suid-Afrika as wat daar taxi's, TV's en radio's tesame is!
- Die eerste elektroniese rekenaar ENIAC het meer as 27 ton geweeg en 1800 vierkante voet opgeneem.
- Slegs ongeveer 10% van die wêreld se geldeenhede is fisiese geld, die res bestaan slegs elektronies.

## Kuberveiligheid Bewustheidswenke

| |
|---|
| **Leer by mekaar -**<br>Help mekaar deur inligting oor nuwe programme, webwerwe, tegnologieë en bedreigings te deel en aanhoudend te kommunikeer. |
| **Beskerm en beveilig mobiele toestelle en rekenaars –**<br>Maak seker dat jou toestelle deur 'n goeie wagwoordkode of wagwoord beveilig is. Verseker ook dat jou sensitiewe persoonlike inligting van enige plek verwyder kan word. |
| **Beskerm teen Wanware -**<br>Installeer betroubare anti-wanware sagteware op al jou toestelle en hou die sagteware op datum. |



## Positiewe en Kwesbaarhede van Toestelle

**In vandag se wêreld vertrou ons op ons toestelle om te kommunikeer, leer, sosialiseer, inkopies te doen en inligting te stoor. Dit is alles wonderlik, en soveel vinniger om meeste take in ons daaglikse lewe te voltooi. MAAR ... dit kan ons ook in gevaar stel deur ons teikens vir kubermisdaad te maak - daar is net soveel nadele verbonde aan tegnologie, en meer spesifiek ons toestelle, as voordele.**

**Hier is 'n paar voordele en nadele:**

### Voordele

- Met toestelle kan jy toegang tot die internet verkry en nuttige inligting en materiaal vir leer, skool en sosialisering deel.
- Toegang tot mobiele toestelle word makliker en goedkoper.
- Met selfone kan ons baie dinge doen soos om foto's te neem, video's op te neem, te lees, en programme af te laai.

**Deaktiveer ligginginstellings.**

**Pasop wat jy deel, dit is die reël.**

## Maar



### Nadele

- Die internet is vol bedreigings en 'n verskeidenheid risiko's, insluitende swendelary en die verspreiding van vals nuus en leuens. Jy kan 'n teiken word of in gevaar wees sodra jy jou toestel aanskakel.
- Selfs jou ou toestelle en ander elektronika is kwesbaar vir diewe wat waardevolle inligting oor studente en personeel wil onttrek of steel.
- Mobiele toestelle waarvan die liggingsdienste aangeskakel is, kan deur misdadigers opgespoor word.

**Weet dat die inligtig wat jy lees, dalk vals kan wees.**

**Al is dit oud, kubermisdadigers sien dit as goud!**

**Pasop vir al die swandelaars- hulle is nie skaars.**

## Beveilig jou toestelle!

- **Installeer anti-wanware**
- **Aktiveer sluitikone**
- **Deaktiveer liggingdienste om opsporing te verhoed**
- **Vee applikasies wat jy nie gebruik nie, uit**
- **Maak seker dat jou stelling 'privaat' is, nie 'publiek' nie**

**Onthou dat foto's jou ligging stoor. As jy foto's op sosiale platforms plaas, kan ander sien waar die foto geneem is.**

Securing Devices

# Tema 3: Beveiliging van Toestelle

## 3.1 Tegnologiese Bedreigings

Daar verskyn heeltyd nuwe applikasies en sagteware op ‘n daaglikse basis- van hoe om jou selfoon te vind, tot video’s maak, die bestelling van kos of ‘n taxi en natuurlik al die sosiale media-applikasies!

Met al die wonderlike tegnologie byderhand, word ons nou ook gekonfronteer met al die risiko's en bedreigings wat daarmee gepaard gaan. Elke keer wat ons die kuberruimte besoek, word ons blootgestel aan kubermisdadigers wat wag om aan te val. Ons weet dat kubermisdadigers slim en goed georganiseerd is; hulle het immers gewoonlik die beste tegnologie om teen ons te gebruik!

**Ons moet dus bewus wees van tegnologiese bedreigings en hoe ons ons toestelle kan beveilig en bewaar.**

- Bly op hoogte van die nuutste tegnologie en deel dit met jou vriende. Kommunikasie is belangrik om mekaar te waarsku oor die nuutste maniere wat kubermisdadigers gebruik om jou en jou toestelle te benadeel.

- Moenie belangrike inligting deel nie en sorg dat jou stellings nie op 'Publiek' is wanneer jy jou tegnologie gebruik nie.

## 3.2 Mobiele Toestelle

Mobiele toestelle is 'n baie belangrike deel van ons daaglikse doen en late. As ons nie ons toestelle versorg nie, kan dit...

- Gesteel of verlore raak. As jy nie jou inligting oor ‘n afstand kan uitvee nie, kan jou inligting gebruik word vir kubermisdaad.
- “Ou” toestelle gebruik word om toegang tot inligting te verkry. Selfone word goedkoper, wat beteken dat jy dalk ‘n ou toestel  wat jy nie meer gebruik nie, laat rondlê. Maak seker dat jy al jou inligting oordra of stoor voordat jy van jou “ou” toestel  ontslae raak, dit tweedehands verkoop of aan 'n vriend skenk.
- Dit jou 'n teiken maak. Deaktiveer liggingstellings sodat jy nie die slagoffer van agtervolging word nie en gebruik altyd die sluitskermfunksie.




## 3.3 Wanware Beskerming

**Wanware** is kwaadwillige sagteware wat gebruik word om jou toestelle te beskadig of uit te skakel, soos virusse losprysware en wurms.

Die kuberruimte is nie altyd veilig nie. Nie alle webwerwe en applikasies is eg nie. Sommige webwerwe en applikasies is vals, en dit is net 'n manier om jou toestel met virusse te besmet, inligting te steel en jou toestel uit te skakel. Om ‘n goeie “anti-wanware” program op jou toestel te  hê, sowel as ‘n vuurmuur, is nie 'n “lekker om te hê nie”. Dit is 'n “MOET HÊ”!

As jy wel goeie en betroubare anti-wanware op jou toestel het, moet jy dit op datum hou. Soms is ons so opgewonde as ons 'n nuwe toestel uittoets, dat ons vergeet om aandag te gee aan kennisgewings of boodskappe wat jou vra om jou sagtewarebeskerming op te gradeer.

Kommunikeer met jou ouers en versorgers sodat hulle bewus is van jou aanlynaktiwiteite en vra altyd toestemming voordat jy enigiets aflaai. Dit is altyd die moeite werd, sodat jy veilig kan bly terwyl jy in die kuberruim pret het!

# Tema 4: Slim Applikasies



Of jy applikasies gebruik vir sosialisering of vir speletjies, dit is belangrik om te verstaan hoe om dit veilig te gebruik.

**Ons kuberkadet vir tema 4 is *THE APPLICATOR* met die mag om speletjie- en sosiale mediaplatforms te beïnvloed en om mense te herenig om positiewe platforms te ondersteun.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4. | Slim Applikasies – Onderwerpe: | Onderwerpe | 4.1 | Sosiale Media |
| | | Onderwerpe | 4.2 | Veilige Web Navigasie |
| | | Onderwerpe | 4.3 | Rekenaarspeletjies |

## Inleiding

**Welkom by tema vier: Slim Applikasies.** Daar word ook na ‘n Applikasie verwys as ‘n App. ‘n Applikasie is 'n soort sagteware toepassing wat op 'n toestel afgelaai kan word, en sommige kan kwaadwillig wees.


Daar is miljoene applikasies om van te kies, en ons gebruik applikasies vir verskillende aspekte van ons lewens. Wat tegnologie en applikasies so ongelooflik maak, is dat dit in huidige tyd gebeur - onmiddelike inligting, speletjies, rolprentkanale en nog baie meer met die druk van 'n knoppie! Slim applikasies het regtig verander hoe ons studeer, sosialiseer en kommunikeer. Daarom moet jy bewus wees van al die maniere waarop jy uitgebuit kan word.

## Statistieke / Interessante Feite

**Eerstens ‘n paar interessante feite oor applikasies:**

### HET JY GEWEET?

- Het jy geweet daar is 36,54 miljoen internetgebruikers is Suid-Afrika?
- Die gewildste toestel vir die gebruik van die internet deur leerders in Suid-Afrika is 'n selfoon.
- Suid-Afrikaners spandeer ‘n gemiddeld van 2 uur en 48 minute per dag op sosiale media.



- Om jou blaaierprogram op datum te hou, beoefen jy kuberveiligheid.
- Navorsing in 2018 het getoon dat daar meer as 11 miljoen rekenaarspelers in Suid-Afrika is.
- Die wêreldwye rekenaarspeletjie mark word geskat op meer as + - R2600 biljoen.

## Kuberveiligheid Bewustheidswenke

| |
|---|
| **Verstaan sosiale media -** Daar is baie sosiale media platforms vir alle smake - goed en sleg! Kies versigtig. |
| **Wees veilig wanneer jy deur webwerwe blaai -** Gebruik veilige en wettige webwerwe met 'n goeie reputasie. Verseker dat daar 'n slotikoon bo-aan jou blaaier is. |
| **Tref voorsorg met alle program applikasies en speletjie platforms -** Gebruik 'n vae gebruikernaam en moet nooit persoonlike inligting of jou adres met mense wat jy op ‘n platform ontmoet, deel nie. |



## Positiewe en Kwesbaarhede van Applikasies

Die meeste leerders ken die kuberruimte baie goed en het uitstekende vaardighede wanneer hulle tegnologie gebruik. Mense oor die hele wêreld trek voordeel uit al die nuwe tegnologie en die kuberruimte. Die meeste ouers stem saam dat tegnologie vir die jeug 'n lewensfeit is en dat dit gebruik kan word vir studie, sosialisering en dat dit ‘n ongelooflike inligtingsbron is oor die wêreld waarin ons leef.

**Kom ons kyk na die voordele en nadele van applikasies:**

### Voordele

- Met die web kan jy toegang kry tot inligting, kennis en vaardighede met net een kliek van ‘n knoppie.
- Daar is kognitiewe voordele verbonde aan rekenaarspeletjies, soos verbeterde koördinasie, probleemoplossing en verbeterde geheue.
- Op sosiale media kan ons van byna enige plek met vriende en familie kommunikeer.

Wil jy iets aflaai? Maak seker dat jy eers jou ouers vra voor jy aflaai.

Maar



### Nadele

- Wees versigtig met vriendversoeke van onbekende gebruikers. Valse profiele word dikwels geskep deur kubermisdadigers wat probeer om jou vertroulike inligting te steel.
- Die kwesbaarhede van die webblaaiery sluit in dat as jy nie jou blaaier en indruk sagteware opdateer nie, jy kwaadwillige webwerwe per ongeluk kan besoek.
- Kwesbaarhede van rekenaarspeletjies sluit in kuberteistering, seksuele misdadigers en verborge fooie.


Dink voor jy te veel informasie deel.

Bly veilig aanlyn en skyn!

Kommunikasie is die antwoord!

Hou jou anti-wanware en vuurmuur op datum.

### Wees slim en veilig:



Smart Apps

# Tema 4: Slim Applikasies

## 4.1 Sosiale Media

Sosiale media vorm ‘n groot deel van hoe ons met vriende en familie kommunikeer. Die meeste leerders sê dat hulle verlore voel as hulle nie toegang het tot hulle sosiale media-platforms nie, waar hulle gesels en op hoogte bly van die jongste nuus in hul sosiale groepe. Vir baie mense het dit 'n verslawing geword!

**As gevolg van die verkeer en tyd wat op hierdie platforms spandeer word, is sosiale media-platforms die perfekte platform vir kubermisdadigers, soos byvoorbeeld:**



- Kuberteistering vind meestal op sosiale media plaas. Onthou dat enige inligting en foto's van jou of jou vriende, teen jou gebruik kan word om vals gerugte te versprei of om dreigende en kwetsende boodskappe aan jou te stuur.
- Sorg dat jy weet met wie jy vriende maak. Misdadigers sal vals profiele gebruik om jou inligting in te win of om jou na gevaarlike aanlynsituasies te lok, soos SMS-seks of om vals produkte te smous.

**Onthou: Jou sosiale mediastellings moet altyd “privaat” wees en nie op “publiek” nie.**

## 4.2 Veilige Web Navigasie

Die Wêreldwye Web (WWW) is 'n netwerk van aanlyninhoud wat gekonnekteer is en in onderling gekoppelde bladsye beskikbaar is, wat op die Internet verkry kan word. Jy kan alles vind wat jy wil weet of nodig het deur op die Internet te soek. Met al die vryheid van informasie kom groot verantwoordelikheid.

**Kom ons kyk na sommige van die terme wat in die kuberruimte gebruik word, en wat dit beteken, om seker te maak dat ons onsself beskerm op die web.**

- **Webblaaier -** 'n Webblaaier is 'n sagtewareprogram wat die gebruiker toegang gee tot die Internet, hulle in staat stel om webbladsye op te spoor en te vertoon. Om op die web te blaai beteken dat jy op soek is na 'n spesifieke webblad waartoe jy toegang wil hê.
- **Veilige soektog -** maak seker dat jy nie op ‘n gevaarlike webblad beland nie, deur op 'n veilige manier te soek. Dit beteken dat jy seker moet maak dat jy jou webblaaier op datum hou wat jou dan sal help om veilig te soek.
- **Ouderdomsbeperking -** dit beteken dat jy te jonk is om toegang tot sommige webblaaie te kry, omdat die inhoud nie geskik is vir jou ouderdom nie.
- **Twee-faktor -** Dit is 'n tweede laag sekuriteit bo-op die verskaffing van 'n wagwoord wat die gebruiker moet voorsien voordat hy toegang kan kry tot 'n profiel of 'n applikasie.
- **Onveilige webwerf -** 'n Webwerf wat nog nie nagegaan is om te kyk of dit veilig is nie, wat 'n bedreiging vir jou kuberveiligheid kan wees.

## 4.3 Rekenaarspeletjies

**Speletjie-applikasies** is  groot besigheid en word vinnig 'n professionele sport! Dis ook goed vir konsentrasie en denkvaardighede, sowel as ‘n manier om vriende te maak met ander aanlynspelers.

- Speletjie webwerwe word ook geteiken deur kubermisdadigers en seksuele misdadigers. Onthou om seker te maak saam met wie jy speel, en wees versigtig om nie te veel inligting te gee oor wie jy is nie.
- Gebruik 'n vae gebruikersnaam wat nie gebruik kan word om jou te identifiseer nie. As jy jou persoonlike sterk- en swakpunte deel, kan jy ‘n slagoffer wees van kuberboelies of 'n teiken word vir ‘n seksuele misdadiger.



Useful Information

# Tema 5: Nuttige Inligting



Dit is belangrik om te verstaan hoe om jouself teen ongewenste inligting of swendelary, sowel as jou inligting teen kubermisdadigers, te beskerm.

**Ons kuberkadet vir tema 5 is *CRYPTO* met die vermoë om sensitiewe inligting te soek en dit weg te sluit voordat kriminele dit in die hande kan kry.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5. | Nuttige Inligting – Onderwerpe: | Onderwerpe | 5.1 | Aanstootlike en Onvanpaste Inhoud |
| | | Onderwerpe | 5.2 | Kuber Bedrog |
| | | Onderwerpe | 5.3 | Wagwoord Bestuur |

## Inleiding

**Welkom by tema vyf van kuberveiligheid: Nuttige Inligting.** Daar is 'n groot verskeidenheid platforms in die kuberruimte om te gebruik, en dit word daagliks opgedateer of vervang met beter weergawes. Wat gister geskep, gestoor en gedeel is, kan vandag baie vinnig as verouderd beskou word. Dit is belangrik om te verstaan hoe jy jouself teen ongewenste inligting kan beskerm, asook hoe om jou inligting teen ongewenste toegang te beskerm. Ons gaan kyk na die waarde wat inligting vir kubermisdadigers het, en hoe ons onsself in die kuberruimte kan beskerm met goeie wagwoorde en veilige soektog ikone op ons toestelle.

## Statistieke/Interessante Feite

**Dit is daarom belangrik om die feite rakende inligting te ken:**

### HET JY GEWEET?

- Kubermisdaad kos die wêreld miljarde rande.
- 71% van mense gebruik dieselfde wagwoorde op verskeie webwerwe.
- 51% van 12-jariges en 28% van 10-jariges het 'n sosiale media profiel en is blootgestel aan aanstootlike en onvanpaste inhoud wat nie op hulle ouderdomsvlak is nie.



- Die meeste leerders dink dat die sosiale media-instelling "vriend van vriende" nie gevaarlik kan wees nie.
- Die gewildste wagwoorde is "password", "123456" en "12345678".
- Snapchat word as die tweede slegste vir leerders se geestesgesondheid beskou.
- Die gebruik van sosiale media in die nag en die emosionele gevolge daarvan, hou verband met slegte slaapkwaliteit en 'n hoër vlak van angs en depressie.

## Kuberveiligheid Bewustheidswenke

**Aktiveer die veilige soek-ikoon op jou blaaier -**
Beskerm jouself teen slegte webwerwe. Bekyk net inhoud wat vir jou ouderdomsgroep is en rapporteer webwerwe wat die reëls oortree.

**Probeer op datum bly met die nuutste kuberbedrog -**
Kubermisdadigers is altyd besig om te soek na nuwe en slim maniere om jou te bedrieg.

**Beskerm jou wagwoorde doeltreffend -**
Moet nooit jou wagwoord neerskryf, of dieselfde wagwoord vir al die webwerwe wat jy besoek, gebruik nie.



# Tema 5: Nuttige Inligting

## Positiewe dinge van Nuttige Inligting en Kwesbaarhede

Dit is belangrik om te verstaan hoe jy jouself teen ongewenste inligting en bedrog, sowel as jou inligting teen kubermisdadigers kan beskerm. Webwerwe op sosiale media is die perfekte manier vir swendelaars en seksuele misdadigers om jou te bevriend en jou betrokke te maak by inhoud wat jy nie op jou ouderdom moet ervaar nie, of selfs erger, 'n slagoffer van swendelary te maak.

**Hier is 'n paar redes waarom jy jou persoonlike inligting moet beveilig en veilig-blaai op jou toestel moet aansit:**

### Voordele

- Die kans dat jy gekraak of bedrieg kan word, is baie skraler.
- Swendelary is minder van 'n probleem as ons leer hoe om dit te identifiseer en te voorkom.
- Sterk wagwoorde help om ons inligting veilig te hou.

**Maak seker dat nuwe vriende wat SMS teks nie SMS-seks nie.**

**Wees versigtig wat jy lees, dit kan vals wees.**

**Maar**



### Nadele

- Deur nie jou persoonlike inligting veilig te hou nie, stel jy ook jou vriende en gesin se privaatheid bloot.
- As jy dieselfde wagwoord op verskillende platforms, webwerwe en toestelle gebruik en jy word gekraak, is jou ander profiele ook in gevaar.

**Rapporteer aanstootlike inhoud.**

**Hou jou persoonlike inligting privaat.**

**Wees eerder veilig as jammer.**

**Pasop wat jy deel, dit is die reël.**

**‘n Seksjagter se beroep is seksuele uittarting!**

### NUTTIGE TERME

- Aanstootlik: beledigend of onbeskof
- Regte: aan jou verskuldig, voorreg
- Persoonlik: alles oor jouself
- Onvanpas: onbehoorlik of ongeskik
- Bedrogspul: nadeel of lokval
- Wagwoorde: 'n reeks woorde
- Beperkte toegang: nie beskikbaar vir sekere groepe nie

Useful Information

# Tema 5: Nuttige Inligting

## 5.1 Aanstootlike en Onvanpaste Inhoud

**Dit is soms moeilik om te besluit of die inhoud op 'n spesifieke platform regtig in jou beste belang is en op jou emosionele- en ouderdomsvlak is. Vertel altyd jou ouers of versorgers watter sosiale platforms jy gebruik, en webwerwe wat jy besoek vir inligting en nuwe applikasies. Hulle kan jou help om veilig te bly en gevaarlike platforms binne die kuberruimte aan te meld.**

**Jy kan die manier waarop jy op die kuberruimte interaksie het, verander en veiligheidsreëls in plek sit deur die volgende in gedagte te hou:**

- **Pasop vir vals profiele! Jy kan regtig nie alle nuwe vriendversoeke of e-posse van onbekende mense vertrou nie.**
- **Seksuele Misdadigers maak staat op die feit dat jy nie die gevare sal sien kom nie en dat jy nie 'n verantwoordelike volwassene van onvanpaste inhoud sal vertel nie.**
- **Moenie skaam wees as jy 'n slagoffer is nie. Rapporteer kubermisdadigers sodat hulle betrap kan word. So word jy ‘n verantwoordelike kuberburger wat help om skadelike inhoud en swendelary te stop.**
- **Deel inligting met jou vriende en gesin oor watter webwerwe en platforms ‘n bedreiging vir jou veiligheid is. Groepbewustheid is magtig!**

## 5.2 Kuber Bedrog

**Onthou:** sagteware teen wanware en 'n goeie vuurmuur op jou rekenaar en ander toestelle is nie 'n 'lekker om te hê’ nie, dit is 'n 'MOET HÊ'! Teen hierdie tyd verstaan jy waarskynlik hoe onveilig die kuberruimte kan wees. Swendelaars jag kwesbare, onskuldige en onkundige kubergebruikers, en die feit dat daar soveel bedrog en gevaarlike webwerwe in die kuberruimte is, moet jou 'n idee gee van hoeveel geld en mag daar op die spel is.
**Net om op te som:**

Kubermisdadigers benodig jou persoonlike inligting (en jou aandag of 'vriendskap') om:

- Jou te lok na “gratis applikasies” en ander “gratis aanbiedings”, net om uit te vind dat hulle geld of inligting van jou wil hê.
- Die gesegde: "Niks in die lewe is gratis nie" is 'n goeie leuse om in die kuberruimte te onthou.
- Jou inligting te verkoop aan bemarkers en dan vul hulle jou e-posboks met hope strooipos.
- Jou inligting, insluitende foto's en plasings op sosiale media, te gebruik om jou en jou vriende te volg.
- Jou af te knou om jou seer te maak, of erger, jou te intimideer om onvanpaste dinge aanlyn te doen.
- Jou inligting gebruik om jou skade te berokken en jou toestelle te deaktiveer.

## 5.3 Wagwoord Bestuur

**Jou belangrikste verdediging teen kubermisdaad is jou wagwoord.**
Jou wagwoord behoort aan jou, en dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat dit sterk en moeilik is om te kraak. Waak oor jou veiligheid deur die wenke en reëls in verband met jou wagwoord te volg. Moet byvoorbeeld nie dieselfde wagwoord op al jou toestelle en op al jou platforms gebruik nie.






**As iemand probeer om jou wagwoord te kraak, is die eerste ding dat hulle sal probeer, om te kyk of jy jou regte naam of “Gamer-ID” gebruik, sowel as jou geboortedatum of die woord “password”, gevolg deur 'n reeks nommers.**

# KUBER KADETTE

Jou gids deur die Kuberruimte



# KUBERVEILIGHEID BEWUSTHEIDSBELOFTE

## Ek besef dat

**Ek die reg het om rekenaars en ander toestelle vir my persoonlike ontwikkeling te gebruik.**

**Ek nodig het om my kennis oor die fisiese en digitale wêreld waarin ons lewe, te verbeter.**

**Ek die reg het om myself teen risiko's en gevare in die kuberruimte te beskerm.**

**Dat ek 'n digitale voetspoor het wat ek moet beskerm.**

## Ek verstaan dat

**Dit gevaarlik is om my sensitiewe en persoonlike inligting met vreemdelinge te deel.**

**Ek 'n plig het om alle aanstootlike en onaanvaarbare inhoud aan 'n verantwoordelike volwassene te rapporteer.**

**Ek net sterk wagwoorde moet gebruik en dat ek dit nooit moet neerskryf, of op verskeie werwe sal gebruik nie.**

## Ek sal

**'n Verantwoordelike kuberburger wees en altyd dink voor ek iets op die kuberruimte plaas.**

**Na die leiding en die reëls van my ouers en my versorgers aangaande kuberveiligheid luister en dit gehoorsaam.**

**Respek teenoor al die mense toon wat saam met my deel van die kubergemeenskap is.**

**Myself en al die mense vir wie ek omgee, beskerm deur kuberveilig te wees.**

British
High Commission
Pretoria

UNISA | college of science, engineering and technology

**Vir verdere inligting, besoek:**
https://www.cybersecurityhub.gov.za/cyberawareness/
http://cyberaware.co.za

CYBERSECURITY HUB

# KUBERVEILIGHEID BEWUSTHEIDSWENKE

KUBERKADETTE

Jou gids deur die Kuberruimte



## 'n Reis deur die Kuberruimte

**Handhaaf 'n verantwoordelike digitale voetspoor -** Weet dat die inhoud en boodskappe wat jy skep en deel, vir altyd in die kuberruimte sal wees.

**Wees bewus van die bedreigings en risiko's -** Jy het die reg om veilig te wees tydens aanlynaktiwiteite, maar jy is ook verantwoordelik om jouself goed en eties te gedra.

**Wees versigtig om persoonlike inligting te deel -** Jou inligting mag dalk deur misdadigers gesteel word vir eie gebruik en bedrog, of om aan bemarkers te verkoop.

## Beskerming van Mense

**Rapporteer kuberteistering -** As jy 'n slagoffer van kuberteistering is, hou die bewyse van die teistering. Onthou dat jy beskerm word deur die 2011 "Wet op Beskerming teen Teistering van Suid-Afrika". Vertel 'n betroubare volwassene - Moenie ignoreer, rapporteer!

**Wees bewus van sowel fisieke as kuberbedeigings -** Deur te weet van al die gevare en bedreigings, kan jy jouself en jou gesin beveilig.

**Toon respek vir jouself en ander mense -** Omdat jy die reg het om die kuberruimte te gebruik, beteken nie dat jy die reg het om onvanpas op te tree nie.

## Beveiliging van Toestelle.

**Leer by mekaar -** Help mekaar deur inligting oor nuwe programme, webwerwe, tegnologieë en bedreigings te deel en aanhoudend te kommunikeer.

**Beskerm en beveilig mobiele toestelle en rekenaars -** Maak seker dat jou toestelle deur 'n goeie wagwoordkode of wagwoord beveilig is. Verseker ook dat jou sensitiewe persoonlike inligting vanoor enige plek verwyder kan word.

**Beskerm teen Wanware -** Installeer betroubare anti-wanware sagteware op al jou toestelle en hou die sagteware op datum.

## Slim Applikasies

**Verstaan sosiale media -** Daar is baie sosiale media platforms vir alle smake-goed en sleg! Kies oordeelkundig.

**Wees veilig wanneer jy deur webwerwe blaai -** Gebruik veilige en wettige webwerwe met 'n goeie reputasie. Verseker dat daar 'n slotikoon bo-aan jou blaaier is.

**Tref voorsorg met alle program applikasies en speletjie platforms -** Gebruik 'n vae gebruikernaam en moet nooit persoonlike inligting of jou adres met mense wat jy op 'n platform ontmoet, deel nie.

## Nuttige Inligting

**Aktiveer die veilige soek-ikoon op jou blaaier -** Beskerm jouself teen slegte webwerwe. Bekyk net inhoud wat vir jou ouderdomsgroep is en rapporteer webwerwe wat die reëls oortree.

**Probeer op datum bly met die nuutste kuber bedrog -** Kubermisdadigers is altyd besig om te soek na nuwe en slim maniere om jou te bedrieg.

**Beskerm jou wagwoorde doeltreffend -** moet nooit jou wagwoord neerskryf, of dieselfde wagwoord vir al die webwerwe wat jy besoek, gebruik nie.

British High Commission Pretoria

UNISA college of science, engineering and technology

**Vir verdere inligting, besoek:**
https://www.cybersecurityhub.gov.za/cyberawareness/
http://cyberaware.co.za


CYBERSECURITY HUB

# Notas

# Notas

# VERSIGTIG! BESKERM JOUSELF IN DIE KUBERRUIMTE






## STOP

Dink voor jy uitnodigings en vriendskappe van onbekendes aanvaar.

## KYK

Moenie doelbewus inteken of skakels na werwe toe deel wat onvanpaste, ontstellende of onaanvaarbare inhoud bevat nie.

## BESLUIT

'n Mens kan nooit seker wees van almal in die kuberruimte se werklike identiteit nie.

Rapporteer verdagte inhoud en probleme wat jou in die Kuberruimte ongemaklik laat voel, aan 'n betroubare volwassene.



# KUBERKADETTE

Jou gids deur die Kuberruimte

**Deel van die stel Kuberveiligheid hulpmiddels**

British High Commission Pretoria

UNISA college of science, engineering and technology

**Vir verdere inligting, besoek:**
https://www.cybersecurityhub.gov.za/cyberawareness/
http://cyberaware.co.za

CYBERSECURITY HUB

British
High Commission
Pretoria

UNISA | college of science, engineering and technology

**Vir verdere inligting, besoek:**
https://www.cybersecurityhub.gov.za/cyberawareness/
http://cyberaware.co.za

CYBERSECURITY HUB